

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com

Dr. C. Saayman, Kaapstad
saay@isales.co.za

Medewerker

Ds. J. van der Linden, Johannesburg
johannesvanderlinden@yahoo.com

Februarie 2009 **Nommer 74**

INHOUDS OPGAWE

Gedagtenis aan Afrikaanse Bybelvertaling ...1

'n Persoonlike band met Jesus ...2

Gereformeerdes op die Evangeliese toer? ...4

Glo u in die hel? ...9

Alle prediking is belofte-prediking ...10

Vroue wat help deur te dien ...12

Die bouwerk teengewerk deur vyande ...14

Gedagtenis aan die verskyning van die eerste Afrikaanse Bybelvertaling in 1933

Welkom, dierbaar Woord van God,
Lig in al ons lewenslot;
Bron van leiding, troos en krag,
Rigsnoer van ons voorgeslag
Welkom in ons moedertaal,
Van die Kaap tot oor die Vaal,

Koor: Welkom, dierbaar Woord van God,
Lig in al ons lewenslot.
Wees voortaan die troue tolk
Van Gods raad aan gans ons volk.

Mag U heilig Woord, o Heer,
Steeds ons harte opwaarts keer;
Heil in Kerk en Skool versprei,
Siele tot die Heiland lei.
In die binnekamers bloei,
Op ons huisaltare gloei.

Koor: Welkom, dierbaar Woord van God,
Lig in al ons lewenslot.
Mag ons volk U Woord bemin,
Meer sy vreugde vind daarin.

Welkom, dierbaar Woord van God,
Troos in droefste lewenslot;
Openbaar aan elk vandag,
Oud en jonk, U wondermag.
Spreek tot hoof en hart en hand
Deur ons hele vaderland.

Koor: Welkom, dierbaar Woord van God,
Lig in al ons lewenslot.
Voor U waarheid wil ons buig,
En daarvan alom getuig.

'n Persoonlike band met Jesus

H Folkers

Geestelike diepgang

Waaroor praat ons as Christene, as ons saam verkeer. Nee, ek bedoel nie onmiddelik dat 'n kuier by mekaar dadelik 'n mislukking is wanneer daar geen geestelike toon bygevoeg word nie. Natuurlik kan jy lekker en verantwoord 'n aand saam met mekaar deurbring sonder dat daar 'n Bybelteks aangehaal word. Maar neem nou maar die jaarlikse, offisiële huisbesoek. Hoe gereeld moet jy nie erken dat die gesprek moeilik verloop het nie!

Elkeen wat so 'n ervaring gehad het, moet homself eerstens ondersoek hoekom dit so is. Oor die algemeen het niemand van ons 'n probleem om 'n gesprek aan die gang te hou nie. Jy kan praat oor die kerk, oor allerlei sake wat vanuit die kerk georganiseer word. Die pers lewer ook 'n keur van onderwerpe. Die probleem ontstaan dikwels wanneer ons die gesprek moet toepas op ons persoonlike geloofslawe: ons verhouding met die HERE God.

Jy kan probleme daarmee ervaar omdat die saak so intiem persoonlik is. Net soos wat jy ook nie breed uitwei oor die liefde wat jy as man en vrou teenoor mekaar wys nie. Ja, eintlik is die vergelyking tog ook nie heeltemal reg nie. Want die buitewêreld mag definitief wel getuies wees dat julle, selfs na jare se huwelikslewe, nog intens van mekaar hou. Daar kan egter ook probleme in jou geloofsverhouding wees, omdat jou geloof op die proef gestel word. Ons sal nie gou daarmee te koop loop nie, soos wat dit byvoorbeeld wel in sekere evangeliese kringe gebeur.

Tog is dit nog nie al nie. Wanneer ons eerlik teenoor mekaar is, moet ons toegee dat ons dit nogals gereeld teëkom: geloofsgenote wat nie maklik praat oor hul persoonlike geloofslawe nie. Dit getuig definitief nie altyd van 'n skraal geloofslawe nie, maar dikwels is daar wel 'n (valse) skaamte, gebrek aan moed, 'n drumpel waaroor 'n mens nie durf gaan nie.

'n Persoonlike band

Dit is goed dat ons nie die persoonlike element in ons geloofslawe verwaarloos nie. Dit is wel deeglik 'n risiko wanneer jy in die kerk grootgeword het.

Andersins lê die probleem by die mense wat van buite af kom. Hulle hoor die evangelie. En wanneer hulle daarop reageer, vra dit 'n persoonlike keuse, wat diep ingryp in hulle lewe. Baie gelowiges word egter gebore in die kerk, groei op temidde van soortgenote in die kring van gesin en gemeente en bely dan ook hul geloof in groepsverband wanneer die tyd ryp is daarvoor. Geloof kan dan so vanselfsprekend lyk, dat jy eintlik nooit "onderstebo" raak daarvan nie. Dit is dan ook nie 'n wonder nie dat mense wat van buite die kerk tot geloof kom, gereeld verbaas kyk na die lakonieke houding van jong kerklede. Want deur geloof word jy tog 'n ander mens! En wie wil dit dan nie wys nie?

In die lig hiervan is dit betreurenswaardig dat die kerk nie meer ewewigtig gevoed word vanuit die twee bronne nie: deur geboorte en deur bekering. Dit is immers 'n seldsame verskynsel dat die volwassendoop onder ons bedien word. Alleenlik hierdeur al kan daar 'n houding groei dat die kerk slegs uit gelowiges en hul kinders vergader word en nie ook vanuit die heidendom nie.

... moet ons toegee dat ons dit nogals gereeld teëkom: geloofsgenote wat hulleself nie maklik uit oor hul persoonlike geloofslawe nie.

Ons mag die HERE innig dankbaar wees dat Hy met sy verbond werk deur gelowige ouers in hul kinders. Selfs so dat jy inderdaad kan sê dat jy in jou lewe aan die geloof vasgegroeï het. Dit is jammer dat ons in ons direkte omgewing van heidene, wat die HERE leer ken, nie meer kan wys en kan leer hoe groot die verandering immers in 'n lewe is wat aan God toegewy is nie. Daarvoor mag geen twyfel bestaan nie: geloof werk diep in op 'n persoon. Daardeur word jy regtig 'n ander mens. En jy hoef jou regtig nie daarvoor te skaam wanneer jy daarvan getuig in jou lewe nie. Diegene wat dit nie kan doen nie, moet die vraag aan homself stel of hy wel met hart en siel verknog is aan 'die saak' van die Here.

Desire only God and your heart will be satisfied

- Augustine

'n Persoonlike band met Jesus

Ek ervaar 'n groter probleem met die mense wat dit nie daarby laat nie. Hulle sê persoonlike geloof is 'n *moet*. Dit word volgens hulle eers regtig persoonlik wanneer jy self 'n band met Jesus het. 'n Tyd gelede het ek dit selfs só in die koerant gelees: jy moenie glo in 'n Jesus van papier (die Jesus van die Bybel) nie, maar in 'n gekruisigde Jesus (die regte man van vlees en bloed). Juis hierdie teenstelling toon duidelik aan waarom dit gaan: jy glo eers regtig as jy 'n persoonlike band met Jesus self het.

Dit mag ons nie ontgaan dat Jesus se volgelinge op 'n baie ander manier met Hom omgegaan het ná Sy opstanding uit die dood, as daarvoor.

My probleem is dat ek nie vir myself 'n voorstelling hiervan kan maak nie, ook nie wanneer ek mense daarvoor hoor praat nie. Soos wanneer hulle dan getuig van 'n verhouding met die Here Jesus soos jy 'n verhouding met jou broer of suster het, of jou beste vriend. Dit bly vir my 'n vraag of so 'n diep-menslike verhouding wel 'n model kan wees vir die manier hoe ons met ons Heiland moet lewe. Die gevoel bekruipt my voortdurend dat sulke mense vir hulle 'n voorstelling of beeld maak van wie Jesus is en dat hulle dan 'n persoonlike verhouding met hierdie beeld wil aangaan.

Dit is belangrik dat ons saamstem oor die feit dat Jesus 'n persoon is. Nie maar net 'n mens wat geleef en gesterf het en daarna in die gedagtes en ideale van sy volgelinge voortleef nie. Ons stem saam met die evangeliese dat ons die moderne teologie grondig haat. Nee, Jesus leef en ons saam met Hom. Ons vereer Jesus as die Seun van God, wat as 'n nuwe mens in die hemel is.

Die vraag bly egter daar: Hoe jy met Jesus 'n persoonlike verhouding aangaan? Kan jy direk, van mens tot mens, met Hom in kontak tree, of is daar iets anders daarvoor nodig?

Ek glo dat die Bybelse getuienis ons 'n baie versigtiger houding leer. Dit mag ons nie ontgaan

dat Jesus se volgelinge op 'n baie ander manier met Hom omgegaan het ná Sy opstanding uit die dood, as daarvoor. Daar is diegene wat Hom as persoon heel intiem geken het, maar wanneer hul Hom na Sy opstanding weer ontmoet het, word dit baie duidelik dat die tye van voorheen nie meer net so sal terugkeer nie.

Maria van Magdala is die eerste voorbeeld. Sy wil die opgestane Heer dien soos voorheen. Maar Hy sê: moenie aan my raak nie.

Petrus kom ook onder die Here se oë, maar van Sy ou natuur bly nie veel oor nie. As Hy later in Sy briewe getuig van sy omgang met die Heiland, beroep hy hom nie op allerlei intieme, intermenslike kontakte nie. Nee, in die eerste hoofstuk van sy tweede brief wys hy in detail op die momente waar die heerlijkheid van sy Heiland duidelik na vore gekom het. So moet Thomas ook tot die konklusie kom: my Here en my God.

Die apostel Paulus het 'n ontmoeting met Jesus, wat hom sy lewe lang verbly: aan hom verskyn 'n lig soos 'n bliksemstraal wat hom totaal verblind. En ook as hy later sober vertel van sy visioene (2 Korinthiërs 12:1-10), kom daar niks na vore van 'n (mede)menslike verhouding met Jesus nie.

Ten slotte: Johannes, die mees intieme vriend van Jesus, sien 'n oorweldigende verskyning, wanneer hy (Openbaring 5) die hemel sien oopgaan. Met ander woorde: almal leer die persoon van Jesus ken in Sy nuwe heerlijkheid, as God se Seun en ons Heer. En dié wetenskap bepaal hul verhouding met Jesus. Maar tegelykertyd word dit duidelik dat hierdie Jesus in Sy verhoging meer is as in Sy vernedering, waar Hy op hierdie aarde die laste van die sonde in ons plek gedra het.

Die wat Jesus wil leer ken, moet die evangelies lees. Maar wie in hierdie tyd 'n band met Jesus wil smee, moet homself in geloof aan die Seun verbind, wat op die troon geplaas is, aan die regterhand van die Vader. Van Sy mag en heerlijkheid, het ons nog maar net 'n glans gesien. Maar tog soveel, dat ons nie anders kan as om ons in groot beskeidenheid aan Hom te onderwerp nie.

Ek is so bang dat mense, wat hoë prioriteit stel aan 'n persoonlike verhouding met Jesus, te (mede)

Die Christen glo nie dat God ons liefhet omdat ons goed is nie, maar dat God ons goed sal maak omdat Hy ons liefhet. Dit is soos die dak van 'n sonhuis wat nie die son aantrek omdat dit helder is nie, maar dit word helder omdat die son daarop skyn. - CS Lewis

menslik van Hom bly dink.

Natuurlik glo ons dat die Here 'n mens geword het soos ons. Ons glo ook dat Hy ons daarom so goed kan verstaan. Ons is sprakeloos dankbaar dat Hy Hom tot ons vlak verneder het.

Maar nou moet ons wel daarvoor oppas dat ons Jesus nie op daardie vlak laat bly verkeer nie. Hy was één van ons. Dit is in 'n sekere sin verlede tyd! Ons mag nou gelykvormig word aan Hom. Dit is in die toekomstige tyd. Ons moet nie hierdie verskil vergeet nie.

'n Band deur die Gees

Dit is baie opvallend dat die Here Jesus self baie moeite gedoen het om die band met Sy volgelinge te bewaar. Hy praat dan van geloof en van 'n diepe eenheid. Maar die band word nie gesmee tussen twee persone op 'n, laat ons sê, psigologiese manier nie, maar deur die Gees.

Dit moet vir ons ook opvallend wees. As dit gaan oor persoonlike geloof, dan kom die Heilige Gees sterk na vore. Dit is die Gees wat in hulle wat deur God geroep is, se harte gaan woon. Jy word aan die persoon en werk van Christus verbind deur die werking van die Heilige Gees. Dit is ook die Gees wat, om sy doel te bereik, God se Woord as middel gebruik.

Daarom word ek hartseer as ek 'n opregte medechristen die teenstelling hoor maak tussen die Christus 'van die Skrifte' en Jesus 'in my hart'. Die mens Jesus, wat op aarde rondgewandel het, is nie meer op daardie manier by ons nie. So gaan ons Hom ook nooit weer terugkry nie. Daardie Jesus het gesterf en is begrawe. Die verheerlikte Seun van God het egter uit die graf opgestaan. Ons glo dat Hy dieselfde Persoon gebly het: beide God en mens. Nou egter wel 'n verheerlikte Menseseun, wat deur die Vader met eer en heerlijkheid gekroon is.

Daarom: ons verswak ons posisie teenoor die moderne teologie (wat niks van Jesus se opstanding uit die graf wil weet nie) wanneer ons geen oog het vir die voortgang van God se heil nie. Thomas mog die Here herken deur middel van Sy wonde: dit is dieselfde Jesus. Tegelykertyd sien hy

mээр: sy Here is sy God. Die verhouding kry 'n dieper en hoër inhoud: salig is hulle wat nie gesien het nie en tog glo.

Persoonlike geloof

Wanneer ons praat oor ons geloof, mag ons ook aandag gee aan wat diep in ons hart gebeur. Geloofstaal hoef nie slegs te bestaan uit aanhalings uit die Bybel nie.

Vir gereformeerde mense moet dit duidelik wees dat daar geen teenstelling bestaan nie. Wanneer ons eerbiedig luister na die Woord van God, bring die Heilige Gees alles in beweging in jou hart en lewe. Van hierdie effek mag jy ook getuig, wanneer mense daarna vra. Persoonlike geloof is 'n volstrek wettige saak.

Diegene wat te min daarvan ervaar, moenie probeer om op te klim na die hemel in die hoop om Jesus te ontmoet nie. Jesus is nie ver nie. Hy is in ons mond, in ons hart: die Jesus wat aan ons verkondig word deur se God se Woord. Wanneer Hy 'jou vlees en bloed' word, dan het jy ook geen probeem daarmee om te verkondig wat Hy in jou lewe tot stand gebring het nie.

Gereformeerdes op die Evangeliese toer?

M te Velde

Die evangeliese manier vind by 'n deel van die gereformeerde mense wel aanklank. Genoen rede om saam daarvoor na te dink. Wat maak die evangeliese denke so aantreklik? Kan ons daarvan leer? Moet ons saam op 'n evangeliese "toer" gaan? Moet ons bid vir 'n opwekking?

Aantreklik

Die evangeliese manier van glo, is aantreklik. Hoekom eintlik? Ek noem vier elemente.

1. **Konsentreer op die eie tyd.**

Evangeliese Christene staan baie minder in geestelike verbinding met vroeëre generasies as gereformeerdes. Hulle lewe veral vir die hier en nou. Hulle werk nie regtig met 'n eeue-oue erfenis

If you believe what you like in the gospel,
and reject what you don't like –
it's not the gospel you believe, but yourself

van kerkvaders en reformatore en konfessies en kerkordes en dogmatieke nie.

Dit maak die Christen-wees makliker en meer ligvoetig. Jy sleep nie 'n hele koffer met tradisies saam nie. Maklik né? Heel aantreklik vir moderne Christene. Dit gee die Evangeliese Beweging 'n vars en eietydse beeld.

2. *Konsentreer op kerntema's*

By baie evangeliese Christene is die inhoud van hul geloof en die boodskap wat hul bring minder omvattend as in die gereformeerde kerke. Hulle konsentreer veral op die kerntemas van die Bybel: sonde, genade, versoening, heilige lewe, toekomsverwagting. En hulle presenteer dit in oorsigtelike boekies. Hierdie konsentrasie op hoofsaak, op 'n kort dogmatiek en 'n bondige etiek, is vir die mense aantreklik. Moderne mense in 'n turbulente wêreld het behoefte aan 'n 'basispakket' van sekerhede, wat kragtig voorgestel word, helder omlin en oorsigtelik. Daarom is 'evangeliese geloof' 'n aantreklike opsie.

Want verkeerde dinge ... kan ons nooit bedek en goedpraat met kritiek op die Evangeliese Beweging nie!

3. *Konsentreer op jouself.*

In die Evangeliese Beweging is daar, in die spoor van die Piëtisme en Metodisme, baie aandag vir die individuele mens en vir sy belewing. Dit sluit baie goed aan by die denke van die Verligting. Moderne mense ag hulself en hul gevoelens enorm belangrik. En hulle wil graag hul geloof waarneembaar en prakties *ervaar*. Die evangeliese manier van glo voorsien dan daarin. Dit is alles baie persoonlik. Dit laat ruimte vir jou eie keuse en jou eie belewing. Jy kry minder die gevoel dat alles aan jou voorgeskryf word as in 'n klassiek-gereformeerde kerk, waar mens nogal waarde heg aan die suiwer leer en waar jy as individu opgeneem is in 'n gesin- en verbondstruktuur.

4. *Konsentreer op die groep.*

By die evangeliese is daar baie klem op die samelewing en werk in kleiner groepe en in (interkerklike en internasionale) organisasies. Dit laat meer ruimte vir 'n individuele getuienisse en vormgewing. Ook vir variasies en verandering. Dit sluit baie goed aan by neigings in die moderne samelewing.

Daar word minder klem gelê op die kollektiewe en op reëlins en voortgang. Minder klem op die instansie en amp en kerkorde. Méér klem op buigbaarheid. Méér ruimte vir die spontane, die persoonlike, vir verskillende style. Alles wat minder formeel is. Liewer 'n eenvoudiger en losser manier van glo. Dit is elemente wat die evangeliese manier van glo en kerkwees vir moderne mense aantreklik maak.

Onbekrompe lewe

Kan en moet ons *leer* van die evangeliese? Dit is 'n vraag wat hom reeds die afgelope jare aan ons opdring. Jy sien sommige jongeres (en ook wel oueres) verdwyn na 'n evangeliese gemeente. Hulle sien nie meer kans vir die gereformeerde kerke nie. Moet dit nie vir ons 'n teken wees nie? Moet ons nie baie meer klem lê op persoonlike en ernstige bekering en op belewing van die geloof nie? En moet ons lewe nie baie meer in die teken staan van die blydschap, van getuig en evangeliseer nie? Op hierdie en derglike vrae moet ons myns insiens 'n genuanseerde antwoord gee.

Laat ons in hierdie sake nie eenkennig en krampagtig wees nie. Ons kan altyd leer uit geskrifte van buite die gereformeerde tradisie. Ons dominees gebruik byvoorbeeld gereeld Bybelkommentare van nie-gereformeerdes en selfs Skrifkritiese eksegeese vir hul preekwerk. Daar kan van geleer word. As hulle dit maar net krities en gelowig-selfstandig lees en verwerk.

So kan ons ook leer uit boeke van Lutherse en Anglikaanse of Roomse teoloë. En net-so kan jy lering en verreiking ontvang uit byvoorbeeld die 'Pelgrimsreise' van die Baptis John Bunyan.

Ons moet daarom nie maak asof die lees en verwerking van boeke 'uit die evangeliese hoek' al

The day we find the perfect church,
it becomes imperfect the moment we join it..

- CH Spurgeon

byvoorbaat verdag en verkeerd is nie. Veral as jy agterkom, dat daar baie evangeliese outeurs is met 'n konfessionele, met 'n Calvinistiese agtergrond. By hulle kom ons baie gemeenskaplike erfgoed teë. Kyk maar na my vroeëre artikel oor 'Evangelies in vyf lae'.

Soms verskyn daar van evangeliese outeurs boeke wat deur hulle benadering en skryftrant ons besonder baie aanspreek. Hulle vertel dikwels nie eens so baie nuwe dinge nie, nie baie wat ons uit gereformeerde preke en godsdienslesse en artikels en boeke nog nie geweet het nie. Maar hulle weet hoe om dit op 'n manier te stel, dat dit ons hart besonder aanráák. Jy hoor die ou boodskap op 'n nuwe manier.

Leer van die evangeliese? Wonderlik, as jy Skriftuurlike dinge van hulle leer. Daar is niks daarmee verkeerd nie. As 'n 'evangeliese' boek oor die genade van God of oor die bekering of oor Christelike lewe ons goeie Bybels-verantwoorde dinge leer, kan jy gerus bly wees daaroor. Die evangeliese outeur is dan niks anders nie as 'n instrument in die deurgee van die goeie boodskap van God self.

Tegelykertyd moet ons natuurlik dan nie maak asof daar skielik geen enkele waardevolle boek in gereformeerde kringe te vinde is oor bekering en geloofsbeleving en heiliging nie. Asof alle goeie boeke daaroor uit die Engels vertaal moet word.

En tenslotte moet elke boek en geskrif (van wie ook al!) *hierop* getoets word: gee dit die Bybelse boodskap goed deur? As dit dan die geval is, dan bring dit vir jou 'n wins waar jy (sonder om te begin dweep met bepaalde outeurs) diep dankbaar voor kan wees.

Seine opvang

Daar is nog 'n ander kant aan die saak. Evangeliese en gereformeerde mense wat aangetrokke voel tot die evangeliese denke, het baie keer baie kritiek op die kerk.

Hulle ervaar dit as outomaties, nie warm en bly genoeg, hulle beleef te min daar. Die preke is dor en dood. Hulle sê: Die kerk het so min uitstraling na buite toe. Die 'Christen-wees' van baie mense is aangeplak. Om met mede-kerklede oor

geloofsbeleving te praat, werk amper nie. Daarvoor moet jy na 'n konferensie of opwekkings-dag êrens in die land gaan. Om weer vol te maak, soos dit genoem word. En die manier van dinge doen in die kerk word as styf en formeel ervaar, alles institute en reëls.

Na 'n goeie, 'n radikale appèllerende prediking, wat kragtig is en eksistensiële, hartlik vermanend en warm bemoedigend is.

Oor sulke klagtes moet ons nie dadelik toegee nie. Daar is soms nogals baie wêrelds daarin. Daarom is dit nuttig om sorgvuldig op hierdie soort kritiek in te gaan en ook op sy tyd die hoogmoedige, onbarmhartige en kerk-versiekende daarvan af te wys. Maar ek wil nie nou oor hierdie kant van die saak verder handel nie.

Wat ons naamlik ook altyd moet doen: ons moet sulke seine na ons aantrek. Want verkeerde dinge in ons kerklike lewe en ons teologiese diskussies en ons lewenswandel kan ons nooit bedek en goedpraat met kritiek op die Evangeliese Beweging nie! Ons het verseker foute. Maar dit gee ons kerk en my persoonlik nie 'n vrypas vir:

- outomatisme en sleur
- louheid en onverskilligheid
- wêrelds lewe en genotsug
- gebrek aan onderlinge geestelike gesprekke
- selfingenomenheid en afskryf van ander
- gebrek aan toewyding
- dooie ortodoksie
- formalisme en gebrek aan kreatief kerk wees
- verstarrende konserwatisme nie.

Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie! Laat ons maar baie beskeie wees. En des te sterker daarna strewe om 'n lewende gemeente te wees. En om Christen met hart en siel te wees. Strewe na verdieping van geloof en liefde. Na gesonde vernuwing van kerklike tradisies en maniere. Na 'n goeie, 'n radikale appèllerende prediking, wat kragtig is en eksistensiële, hartlik vermanend en warm bemoedigend is. En laat daar 'n hartlike lewe met God in ons huise wees.

**Men do not reject the Bible
because it contradicts itself
but because it contradicts them**

Bly evangelies-krities

Hiermee is die storie nog nie klaar nie. Want daar is ook 'n risiko as dit gaan oor die 'leer van die evangeliese'. Ons het baie ooreenstemmings in fundamentele stukke van die Christelike geloof met 'n deel van die evangeliese.

Maar wat 'n Calvinis of Lutheraan of Baptis evangelies maak, is juis daardie tipies evangeliese aksente. Kortliks: in die eensydige *beklemtoning* van die persoonlike, die bekering, die heiliging, die getuienis, en in die *anders praat* oor geloofsbeleving, verbond, kerk, heiliging en ook oor konfessie en amp.

Deur die krag van Christus mag dit één en al opwekking word in jou lewe.

As leer van die evangeliese onder ons, gaan beteken dat ons op hierdie punte eers van die spesifiek evangeliese denke moet *oorneem*, dan sal ons ons teen *hierdie* leer kragtig moet verset!

En dan neem ek graag 'n uitspraak van prof. Trimp oor uit *Klank en weerklank*: "dat 'n oorgaan op die spoor van die Evangeliese Beweging 'n *vervreemding* ten aansien van die gereformeerde tradisie sal teweegbring". Hierdie woorde van Trimp bevat 'n waarskuwing waaraan ons ons moet steur! En dan gaan dit by 'gereformeerde' nie net oor 'n *tradisie* nie. Dit gaan oor 'n vaste oortuiging wat op God se Woord gegrond is.

Kyk ons na die laaste 15 jaar, dan loop daar in die ontwikkeling in die gereformeerde kerke sekere lyne parallel met die evangeliese denke:

- prioriteit vir die persoonlike beleving en ervaring
- relativisering van die kerk en klem op interkerklike gemeenskap
- relativisering van die kinderdoop
- relativisering van die sentrale plek van kerkdienste en prediking
- relativisering van amp en kerkreg

Dit is dinge wat in die maatskaplike en kulturele ontwikkelinge saamkom. En dit gaan hier nie oor ongeoorloofde vrae nie. Ek sou ook nie slegs op 'n

negatiewe manier hieroor wou praat nie. Die gestelde vraag dwing ons om die ou keuses opnuut te deurdink en by 'n oop Bybel weer koers te bepaal. Om ou antwoorde onbekrompe te korrigeer. Dit is 'n goeie saak en al die spanning werd. Daar word onder ons her en der aan gewerk. En dit lewer ook verlewending, vitalisering op vir die gereformeerde geloof.

Maar daar sit volgens my wel in die ontwikkelinge 'n tendens wat vir ons 'n waarskuwingsteken moet wees. Sorg dat jy nie vervreemd raak van die gereformeerde konfessie en die gereformeerde kerk nie! Want dan verloor jy meer as 'die gereformeerde' alleen. Dan kom wesenlike stukke van die gesonde leer *van die evangelie van Christus* nie meer goed tot hul reg nie. Sal dit nie vir ons 'n bekommernis wees nie?

Bid vir 'n opwekking?

Die laaste jare hoor jy onder ons nogals 'n gepraat oor die noodsaak van 'n opwekking'. Dan sê mense: 'Ek bid tot die Here vir 'n opwekking' of mense skryf in 'n blad: 'Ons het 'n opwekking nodig'. Is dit so? Moet ons hoop vir 'n opwekking?

Opwekking is 'n begrip wat veral deur die Metodisme en deur 'n evangeliese manier van dink betekenis gekry het. Met opwekking = revival = *réveil* dink ons aan 'n redelik onverwagte en ingrypende beweging.

So 'n opwekking vind altyd plaas onder 'lou' Christene en/of in 'n gemaksugtige kerk wat nie meer regtig leef nie, maar verdor en verskraal is. Met 'n opwekking word Christene beweeg deur die Heilige Gees, sodat hulle opstaan uit hul dorheid en sleur-Christendom. Hulle bekeer hulle van louheid en wêreldse lewe. In die vervolgte lewe hulle met 'n nuwe ywer in 'n kragtige geloof en 'n heilige Christelike lewenswandel. Het ons 'n opwekking nodig?

In die eerste plek sou ek sê: ja, natuurlik! Dit is baie Bybels: Ontwaak uit jou sonde-slaap. Die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aantrek (Rom. 13:11vv. en Ef. 5:14).

Maar dan verstaan ek nie die *hoop* en *wag* en *bid* vir 'n opwekking nie. Die krag vir die breek met die

Die bepalende faktor van my lewe is nie meer my verlede nie.
Die bepalende faktor is Christus se verlede.

- S Ferguson

die sonde en vir heilig lewe moet ongetwyfeld van God af kom. Dus sal ons steeds hartlik en vurig daarvoor bid. Maar opwekking is volgens my in die Bybel baie keer glad nie 'n aparte en besondere en eenmalige gebeure, wat êrens in die toekoms lê nie. Dit is nie iets waarop jy moet wag nie.

So 'n peitistiese en metodistiese manier van praat moet ons maar liever nie oorneem in die gereformeerde kerke nie. Want so raak die *gewone, konkrete daaglikse* bekering van Christene in die skaduwee. In die skaduwee van een of ander skielike en besondere werking van die Gees, waarvoor ek die basis nie goed in die Skrif kan vind nie. En ons begin dan dinge *uitstel* vir die toekoms, terwyl ons *geen oomblik* daarmee mag wag nie!

Telkens weer opwek

Hierdie gewag op iets besonders, lei volgens my die aandag af van dit waaroor dit vir ons vandag gaan: *direkte bekering*. Daarby kan die skielike en die besondere en ook die massale ook 'n plek hê. Ons hoef regtig nie negatief te wees oor 'n 'revival' nie.

Dink maar aan wat daar onder Josia in Israel gebeur het. Of aan die skielike massale bekering van Ninevé. Ook in die kerkgeskiedenis was daar baie geseënde opwekkings-bewegings. Maar 'opwekking' moenie 'n super-gebeurtenis word, wat ons begin nastreef nie. Dit moenie iets word wat 'n hoëre, *groter* waarde kry bo die *aanhoudende daaglikse bekering* nie, en dan 'n kenmerk en maatstaf word vir 'n eersteklas Christelike lewe nie.

Opwekking moet daaglik daar wees. Nie *één* opwekking nie. In die ware sin van die woord 'n hele serie van 'opwekkings'. 'n Lewe vol opwekking. Voortdurend die opstaan uit die sonde-graf, die breek met die sonde en die opstaan tot 'n nuwe lewe. Deur die krag van Christus mag dit één en al opwekking word in jou lewe (Rom. 6; Kol. 3).

Dorheid?

Wil ek hiermee so 'n noodsaaklike vernuwning in ons gereformeerde kerke buite die deur laat? Beslis nie! Maar ek sou wel wil waarsku teen die

suggesie, asof dit in ons kerke alles maar 'n dorre en dooie storie is. Revival-denke bring eintlik altyd so 'n suggestie mee. In die verlede was daar dikwels aanleiding daarvoor: 'n vervalde volkskerk, 'n kerk sonder tug, 'n kerk waar die mense stene vir brood kry.

Ek ontken nie dat daar in ons gemeentes en in ons eie harte baie sonde en swakhede is nie. Ons kerklike lewe het sy gebreke, in die lewe met God in die gesin, in die onderlinge omgang, ja - tot in die werk van prediking en huisbesoeke. Daar is verseker geestelike skraalheid en armoede onder ons aanwysbaar. Maar diegene wat met woorde soos 'dorheid' en 'doodsheid' kom, dié oordeel volgens my baie onbillik en gebruik veralgemeende, swaar woorde. Jy loop die gevaar om met sulke praatjies die gewone gelowige gereformeerde lewe van glans te beroof en stukkend te praat. Is die oorsaak miskien dat daar gemeet word met die maat van 'n 'Christendom van die tweede verdieping'?

Daarin mis ek die liefde, die liefde tot soveel broeders en susters en (ook!) seuns en meisies, wat met groot trou daaglik uit die Skrifte lees en tot God bid. Hulle kan nie praat van *besondere* ervaring of van 'n aanwysbare *oomblik* van omkeer in hul lewe nie. maar hulle dien wel die Here in hul gewone lewe en op hul gebrekkige manier. Ek ken hulle en ek ontmoet elke week weer van hulle.

**Tuis by 'n oop Bybel en
in die kerk by die hoor van die
Woord – hier verwag hulle hul
'opwekking', die lewendmakende
Gees-krag van God!**

Elke Sondag sit hulle weer op hul plek in die kerk. Tuis by 'n oop Bybel en *in die kerk* by die hoor van die Woord – hier verwag hulle hul 'opwekking', die lewendmakende Gees-krag van God! Dié kom nie maar net op besondere momente nie. Dit is telkens daar, so gereeld soos wat die Woord klink! En dit word in die geloof en regtig alleen só! Ontvang danksy die opstanding, die opwekking van onse Heer, Jesus Christus. Prys God vir soveel *hemelse* genade wat so 'gewoon' na ons toe kom!

Ek is geregverdig en word deur God aanvaar
ook al is daar sonde, ongeregtigheid
en angns vir die dood in my.

- M Luther

Onverwylde bekering

Moet ons dus nou nié bid vir 'n opwekking nie? Natuurlik wel! Maar dan 'n opwekking in die sin van Romeine 13 en Efesiërs 5. 'n Opwekking wat *nou dadelik* begin. In die krag van die geloof deur die Heilige Gees. En wat môre weer op die agenda staan. En elke dag van ons lewe. 'n Opwekking wat nie anders is nie as bekering, daaglikse bekering. Wat nie met *evangelisasie* begin nie, maar by die *opruim* van eie kwaad in jou eie lewe. Laat ons die bekering dan maar heel konkreet maak.

'n Groot, stukkende plek in ons gemeentes is die stukkend-raak van huwelike. 'n Ander groot kwaad is die hoeveelheid televisie wat gekyk word met alles wat daarmee saamgaan. Nog 'n kwaad: die vrye seksuele omgang van jongmense met mekaar. En nog 'n punt: die Bybellees en bid het in ons gesinne reformasie en verdieping nodig.

Dan is dit nodig om soms kragtig 'n nuwe begin te maak. Soos God se volk in die dae van Josia. En in die dae van Nehemia. En in die dae van Johannes die Doper. En dan is dit hoog tyd om saam te sê: só kan dit nie meer aangaan nie. En kragtig *opruiming* hou in ons lewe!

As iemand dit *opwekking* wil noem, dan keur ek dit goed. Maar dit is tog tegelykertyd niks anders as *gewone bekering* nie. Daarvoor hoef ons tog nie *per se* evangeliese outeurs voor te lees nie. Ons hoef ook nie daarvoor spesiale opwekkingsbyeenkomste voor te hou nie. Daarvoor lê elke goeie Sondag se preek reeds die basis. En dan kan jy direk in jou eie gemeente en in jou eie lewe mee begin werk!

Laat ons vir sulke bekering bid. Alles van God alleen verwag. Maar dan nie wag en kla en wense uitspreek nie, maar vandag nog daarmee begin. In ons *eie* lewe. Direkte bekering. Gewone opwekking. Sou die Here God dit dan nie sêen nie?

Glo u in die hel?

G Zomer

Die hel maak bang

Glo u in die hel? 'n Sekere kerk in Engeland laat nie meer toe dat jy dit mag glo nie. Die hel is daar afgeskaf. Die Nederlandse pers gee die kerk in Engeland gelyk en gesê: Laat baie hierdie goeie voorbeeld volg. Die hel is outyds. Dit is iets van die Middeleeue. Toe is mense daarmee bang gemaak op advies van Origenes, die uitvinder van die vaevuur. Hy kon homself nie voorstel dat God 'n ernstige doel met die hel het nie. Miskien is dit bedoel as 'n opvoedkundige les. Die hel is dan soos die kwaai gesig van 'n bose vader. Dit wil die kind bang maak, sodat hy vir die sonde sal skrik. Maar uiteindelik gebeur daar niks nie. Nee wat, die hel pas heeltemal nie by God nie.

Die hel maak onsimpatiek

Vele mense ervaar nog altyd moeite daarmee. Daar is aan Pous Johannes XXIII gevra of die hel bestaan. Hy het wel so gedink. Maar, so sê hy agterna: Daar is niemand daar nie! So 'n uitspraak is tipies van hierdie simpatieke man. Het dit immers nie vir prof. dr. K. Schilder in 'n slegte lig gestel nie? Die titel van sy een boek was immers *Wat is die hel?* Daarmee het dr. J.M. den Uyl hom geklassifiseer. Prof. dr. H.M. Kuitert kom tog baie gawer oor as hy skryf dat die hel nie 'n plek is van die ewige straf nie, maar van die ewige dood.

Die hel bestaan

Die Bybel laat egter geen misverstand hieroor bestaan nie. Die hel bestaan! En dit word ook konkreet aan ons voorgestel. 'n Plek van 'n altyd-durende pyniging. En die mense daar sal bly huil en op hul tande kners. Wie het vir ons daarvan vertel? Nie een of ander genië met kwade bedoelings nie. Dit is die Here Jesus self. Hy wat van Homself getuig dat Hy sagmoedig en nederig van hart is! Die Liefeling van die Vader. Laat ons daarom des te meer die hel ernstig opneem.

Wat die hel nie bedoel nie

Hoe doen ons dit? Dit is waar. Die hel is nie bedoel vir bangmakery nie. En as dit alleenlik daaroor

Till men have faith in Christ,
their best services are but glorious sins..

- T Brooks

gaan, laat ons die hel maar eerder afskaf. Dit is nie geskik as 'n opvoedkundige middel nie. Dit kan dan selfs 'n teenoorgestelde effek hê. Ek dink aan 'n waarskuwing vele male reeds gehoor. Die kind vra sy pa of hy na die flik mag gaan. Die pa antwoord: Dink jou in dat die Here Jesus terugkom aarde toe terwyl jy daar sit... Die geloofsopvoeding mag baie beter beelde gebruik!

Ek dink ook aan die verleiding om by die skielike sterwe te dreig met die oordeel van God. 'So sien jy maar weer: jy moet altyd bereid wees om God te ontmoet'. Daar is dié onder ons wat hiermee hul geloof in ons goeie God verloor het.

**Watter troos bied die hel?
Dit hou die oog op ons ewige
veiligheid.**

Wat die hel wel bedoel

Die hel is '... vir die oortreders en goddeloses met reg ontsettend en skrikwekkend maar vir die vromes en uitverkorenes begeerlik en troosryk.' (Art 37 NGB).

Watter troos bied die hel? Dit hou die oog op ons ewige veiligheid. Die kwaad (wat nie eers kan wegbrand nie!), word vir altyd daar opgesluit gehou en ook die ongewreekte onreg van hierdie lewe word daar vergeld.

Die hel troos

Die troosmotief lyk asof dit goed bruikbaar is in 'n tyd waarin ons veral gekonfronteer word met onreg wat nie bestraf word nie. Dink aan Bosnië en Rwanda. Ook nader aan ons is daar allerlei ellendes wat vra vir die handeling van 'n hemelse regter. Eén voorbeeld - die inest. Die publisiteit daaromtrent groei en ons worstel met vrae omtrent die moontlikheid van die herstel, vergewing en versoening.

Dit val my persoonlik baie op – volgens my ervaring van hierdie problematiek tot nou toe – dat slagoffers wel die Bybel gebruik as dit gaan oor die vraag na bekering – en die daders ken die Bybel daaromtrent ook! – maar dat die duidelik Skriftuurlike notas oor wraak en vergelding vir hulle moeilik hanteerbaar is.

Hierdie ongemak het waarskynlik te make met die omgewing waarin die slagoffers leef. 'In die kerk leer ons tog dat ons elkeen moet vergewe?' Intussen gaan sommige as voortdurende slagoffers deur die lewe en sommige daders bly ontken, of oefen selfs dreigemente uit, dat die slagoffer begin twyfel aan die feitlikheid van die misdaad.

Dit is maar net een voorbeeld, daar is meer. Daarom vra 'n oproep om die hel te vergeet, nie maar net 'n protes van ons nie, maar ook 'n nadere besinning oor die goeie gebruik van hierdie ernstige geloofstuk.

Alle prediking is belofte- prediking

C Saayman

Eintlik is dit baie moeilik om die kern van die Reformatore se sig op die Evangelie en veral die prediking van die Evangelie te verstaan, indien 'n mens nie verstaan hoe hulle (volgens die Skrif) die begrip *belofte* verstaan het nie! 'n Mens kan amper sê dat dit onmoontlik is om die Reformasie as sulks te verstaan indien die Reformatore se sig op die begrip *belofte* nie verstaan word nie! Vir die Reformatore was alle prediking *belofte-prediking*. Maar, wat presies word daarmee bedoel? En het dit enigsins betekenis vir die hedendaagse kerk wat getrou wil gaan leef aan Christus?

Die Reformatore het raakgesien dat die begrip "belofte" in die Skrif anders funksioneer as in die algemene gebruikstaal waar 'n "belofte" gesien word as iets wat moontlik in die toekoms sal realiseer. In die Skrif beteken "belofte" dieselfde as God se lewende Woord in die hede! God praat "belowend" wanneer Hy praat. Dit beteken Hy gee daadwerklik Sy heil as 'n toesegging. Soos wat die Here praat, bereik Sy verlossing die mens se hart. Hy bied ons Sy liefde in die Woord van Sy liefde. Sien byvoorbeeld 2 Korinthiërs 5:19. Hierdie belowende/toeseggende spreke van God word aan die mens gegee deur die Woordverkondiging en verseël deur die sakramente. Amper soos die toesegging wat in 'n testament aan 'n erfgenaam

**In geloof kan ek sê dat ek genees word
deur my siekte, verryk word deur my armoede
en gesterk word deur my swakheid.**

persoonlik bemaak word. Dit word nie maar net in die algemeen gegee nie, maar dit word persoonlik geadresseer!

Hierdie belowende/toeseggende spreke van God omvat inklusief sake soos die wet, voorwaardes wat aan die mens gestel word, die eise van die verbond, die toeëiening van die heil, geloof, bekering, ensovoorts. Al hierdie sake wat 'n appèl maak op die mens se verantwoordelikheid, word reeds ingesluit in God se belowende spreke. Deur middel van God se belowende spreke, word hierdie dinge vervul en kom die mens dan ook inderdaad in beweging. Dit is interessant om dit in die Woord na te gaan. Telkens wanneer daar 'n appèl gemaak word op die mens, gaan die Here se belofte voorop. Die handelende God, die groot daad van God, gaan voorop en bring die mens se daad na vore. Sien byvoorbeeld Joh. 1:11&12, Mark. 1:15, Joël 2:13. In laasgenoemde is die Here se teenwoordige barmhartigheid die grond vir die oproep tot bekering wat tot die gemeente uitgaan. Die belofte gaan altyd die geloof vooraf. Daarom word die prediking van die belofte ook die prediking van die geloof genoem!! Sien Gal. 3: 2,5. Alle prediking, ook die prediking van die eis van die verbond, is belofteprediking. Dit is die groot daad van God in Christus (belofte) wat verkondig word en nie die voorwaardes waaraan die mens moet voldoen nie! Maar IN die prediking van die groot daad van God, word die mens heel direk betrek en kom die mens in beweging! Die Here eis immers niks wat Hy nie ook tegelyk skenk nie! In die skenk van die heil (deur die beloftewoord) gee Hy ook die geloof en bekering en roep Hy dus die mens tot geloof en bekering.

Dit is dus 'n misverstand om die belofte teenoor of apart van die appèl op die mens se gehoorsaamheid te stel. So asof God in Sy beloftewoord Sy heil aan die sondaar toesê en dan lê die onus verder op die mens om nou sy (veronderstelde) innerlike vrome potensiaal (waaroor die natuurlike mens nie beskik nie!) te gebruik (of nie te gebruik nie) om die belofte te realiseer. Dan onttaard 'n preek in iets wat bestaan uit twee "pole." Aan die een kant die "objektiewe" (dit wat God gedoen en moontlik gemaak het) en

aan die ander kant die "subjektiewe" (dit wat die mens met sy eie wilskrag moet antwoord op God se spreke). Die gevolge van hierdie polêre benadering kan katastrofies wees. Enkele gevolge is:

- 'n Preek word in twee verdeel: eers word die belofte gepredik en daarna die eis waaraan die mens moet voldoen. Die eerste deel is dan die Blye Boodskap terwyl die tweede deel die "pakgee-sessie" is waar die lidmate "gehamer" word om tot "gehoorsaamheid" te kom, omdat hulle daarop attent gemaak word hoeveel hulle nog te kort skiet.

Die Here eis immers niks wat Hy nie ook tegelyk skenk nie!

- Nádát die goeie nuus van die belofte verkondig is, kom die dreigende "maar" of "mits" of "moet" wat weer almal in onsekerheid laat.
- Die gevaar skuil lewensgroot dat lidmate hul heilsekerheid sal gaan vasknoop aan een enkele moment in die verlede toe hulle hul bekeringsbeslissing gemaak het, pleks daarvan om hul sekerheid te bou op die belofte self wat nooit verlede tyd raak nie, maar telkens weer gegee word in prediking en sakrament.
- Lidmate word deur hierdie prediking teruggewerp op hulleself om altyd weer hul eie ervarings te gaan ontleed om daaruit "sekerheid" te verkry, pleks van om op die groot daad van God in Christus te vertrou vir sekerheid.
- Die prediker leef onder die juk van 'n meedoënlose meester van die dwang om "oproepe" op sy gemeente te maak sodat hy "evangelies" kan wees en "resultate" kan sien. Daarom word die tegniek van goedbedoelde oordrywing gebruik waar 'n oorfloed byvoeglike naamwoorde en bywoorde gebruik word om klem op hierdie "Bybelse oproep" te plaas sodat die lidmate die erns daarvan kan begryp. Die gevolg is egter dat lidmate verlam en moedeloos raak en die prediker by die dag meer depressief word.

Defend the Bible?
I would as soon defend a lion!
Unchain it and it will defend itself..

- CH Spurgeon

Die enigste alternatief is reformatoriese belofteprediking, waar die appèl op die mens gemaak word binne die omhulsel van die verkondiging van die groot daad van God (verlede, hede, toekoms). Die geheim en uitdaging van gereformeerde prediking lê dus daarin dat die belowende, sprekende, skenkende, handelende God op so 'n manier verkondig word dat die mens daarin meegeneem kan word in sy/haar geloofskeuse en bekering.

Vroue wat help deur te dien

E Viljoen

“Wat moet ons doen met Debóra?” Dit was my vraag aan 'n ouer kollega toe ek in my studentedae geworstel het met die vraag na die rol van die vrou in die leeramp in die kerk. Debóra het immers 'n posisie van leidinggewing beklee onder die volk van die Here in 'n tyd van afvalligheid.

“Ons behoort die Here te dank vir dienende vroue ...”

Was dit nie 'n goeie voorbeeld van 'n “vrou in die amp” nie? Die wyse kollega (dalk was dit sy manier om my vraag te omseil?) het my geantwoord: “Laat ons die Here dank vir Debóra”. En tereg – in ons poging om die opkoms van die sekularisasie in die kerk op die terrein van die verhouding tussen die rol van die man en vrou te staan, word ons dikwels verblind vir die goeie gawes van die Here. Vroue wat in die kerk profeteer, leer, bid, besig is met pastorale versorging en les bes ook vroue wat gekenmerk word deur hulle hulp in diens aan ander. “Elke goeie gawe en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie”. Dit hoor ons van die apostel Jakobus (Jak. 1:17).

En met hierdie dankbaarheid moet ons begin. Dankbaarheid teenoor die Here vir die gawe van dienende vroue (en mans!) in die gemeente. Ons moet almal mekaar se diensknegte wees, en tog vind ons in die Nuwe Testament dat daar naas mans wat “diakens” (diakonos - Grieks) genoem word, ook bepaalde vroue was wat erkenning geniet het deur hulle diensbaarheid.

Diens met hulle besittings en gawes

Reeds tydens Christus se lewe op aarde hoor ons van vroue wat Hom “met hulle besittings gedien het” (Luk. 8 : 2-3). Hierdie vroue het Christus, saam met die twaalf, vergesel tydens sy reis van die een stad en dorp na die ander. Dit was heel opmerklike vroue. Die een was Johanna, die vrou van Gusa, wat 'n bestuurder van Herodes was. En dan was daar Susana. Oënskynlik het albei 'n behoorlike posisie in die samelewing beklee; in elk geval kon hulle deur hulle diens met hul besittings deel in die onderhoud en versorging van Christus en sy apostels.

Ná Pinkster, lees ons in Handeling van Tabita wat ook bekend was as Dorkas. Hierdie Tabita het haar handvaardigheid gebruik in diens van die gemeente en in besonder die armes. Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het (Hand. 9:36). Hierdie Tabita word later deur Petrus uit die dood opgewek en teruggegee aan die weduwees vir wie sy klere gemaak het toe sy nog geleef het. Deur haar opwekking uit die dood word sy aan die gemeente en besonder die weduwees teruggegee as dienende vrou. Sy word “dissipelin” (Hand. 9:36) genoem, sonder dat die woord “diaken/diakones” vir haar gebruik word.

Diaken van Kenchréë

Trouens, ons kry nêrens in die Nuwe Testament die vroulike vorm “diakones” naas die manne wat diakens genoem word nie. Nogtans kom die manlike vorm (diakonos – Grieks) een keer wel in verband met 'n vrou voor. In die 1953 Afrikaanse vertaling word die woord met “dienares” vertaal. Fébé, lidmaat van die gemeente in Kenchréë, word by die gemeente in Rome aanbeveel as “beskermster vir baie” (Rom. 16:1-2). Sy word “diaken” genoem met 'n heel eie taak in haar gemeente en word nou as

Môre se geskiedenis is alreeds geskryf:
In die naam van Jesus moet elke knie buig.

- E Kauffman

afgevaardigde na die kerk in Rome gestuur. Sonder enige kwalifikasie word die manlike titel “diaken” vir haar gebruik. Sy was nie slegs ’n vrou wat dien nie, maar dra selfs hier ’n titel wat haar werk beskryf.

Vroue naas diakens

Doelbewus noem ek hulle só – dienende vroue náás diakens. Ons lees van hulle in 1 Timótheüs 3:11. Terwyl Paulus besig is om die lewe en lewenstyl van die diakens te beskryf, noem hy ook nog die lewenstyl van dienende vroue in die gemeente. Hierdie vroue moes waardig wees, geen kwaadspreeksters, nugter en betroubaar in alles. Dit was vroue met ’n eie funksie wat hulle in die kerk moes vervul. Opmerklik genoeg word hulle níe diakens genoem nie.

Sommige eksegete noem hierdie vroue die eggenotes van die diakens. Dit lyk egter onhoudbaar in die konteks. Ook gaan dit nie oor alle susters in die gemeente nie. Dit gaan hier oor ’n besondere groep vroue wat ’n eie plek en funksie in die gemeente gehad het. Paulus praat oor hierdie vroue juis terwyl hy besig is om die werk van die diakens te beskryf. Dit lyk daarom geregverdig om te veronderstel dat hierdie vroue juis vroue was wat betrokke is by hulpverlening in die gemeente.

Dit is heel belangrik dat hulle werk juis van dié van die diakens onderskei word. Dit is werk wat onmiddellik in dieselfde asem genoem word. Vroue en mans ontvang gawes op dieselfde terrein van die Gees. En tog funksioneer hulle náás die diakens. Presies wat die verhouding was tussen die broeders wat as diakens genoem word en die susters wat op dieselfde terrein werk, word nie hier vir ons onmiddellik duidelik nie. Dat daar wel samewerking was, is duidelik. Indien ons Handeling 6:1-7 verstaan as ’n situasie waarin die Griekse vroue nie vra om hulp in die gemeente nie, maar eerder begeer om ingeskakel te word by die diensbetoon (die versorging van ander) in die gemeente, pas dit by hierdie patroon in in Efese waar Timótheüs gearbei het. Sewe broeders word aangestel om leiding te neem by die organisering van die versorging in die gemeente. In die uitvoering van die werk staan broeders en susters naas mekaar.

Dienende weduwees

In 1 Timótheüs 5:3–16 ontmoet ons ’n groep vroue wat wel geen diakens genoem word nie, maar op die oog af tog ’n amptelike funksie vervul het. In die Kantaantekeninge van die Nederlandse Statenvertaling word hierdie susters selfs “diakonesse” genoem! Dit is duidelik die bedoeling van die apostel dat die weduwees ouer as 60 vir ’n spesifieke taak in die gemeente aangewys word. ’n Taak wat openbare erkenning geniet het. Die vereistes wat aan hierdie weduwees gestel word, dui daarop dat hulle ’n heel spesifieke verantwoordelijkheid gedra het. Uit die feit dat Paulus sê dat hierdie weduwees “in aanmerking kom”, blyk dit dat hierdie weduwees selfs ’n bepaalde aanstelling in die gemeente gehad het.

Dit sou moontlik wees dat hierdie weduwees die vroue kan wees waarna Paulus in 1 Timótheüs 3:11 verwys met hul taak naas die taak van die diakens. Opmerklik genoeg word ook hierdie weduwees glad nie deur Paulus diakonesse genoem nie. Dit staan in elk geval vas dat hierdie susters ’n heel spesiale posisie in die gemeente in Efese ingeneem het. Die werk word nie beskryf nie, maar daar is kennelik ’n bestaande funksie waarvoor sekere susters in aanmerking kon kom.

**Ons is geroep
om aan sulke vroue
funksies in die gemeente te gee.**

’n Hulp wat by hom pas

Wat is dus die beeld wat ons uit die Nuwe Testament kry oor dienende vroue in die gemeente? Is daar plek vir vroue in die amp wat ons ken as diaken wat as kerkraadslid dien? Dit is duidelik dat ons nie moet probeer om “die vrou in die amp” teë te staan vanuit blindheid vir die groot bewys van God se goedheid en genade deur dienende vroue in die huwelik, gemeente en samelewing te gee nie. Ons behoort die Here te dank vir dienende vroue, dienende weduwees en susters soos Fébé. Ook ons is geroep om aan sulke vroue funksies in die gemeente te gee.

There are two freedoms:
the false freedom where a man is free to do what he likes,
and the true freedom where a man is free to do what he ought..

- C Kingsley

In menigte opsigte is daar geen onderskeid tussen mans en vroue in huwelik en gemeente nie. Saam dien broeders en susters. Vir 'n onderskeid tussen broeders en susters, is dit nie nodig om op geforseerde manier onderskeid te maak tussen gawes en moontlikhede wat die Here vir ons in huwelik en gemeente gee nie. Saam kry ons as mans en vroue die roeping om beeld van God te wees. Saam moet ons oor die skepping van die Here regeer en dit bewaar. Vir hierdie taak gee die Here gawes deur sy Gees - soveel te meer ná Pinksterdag.

Die onderskeid tussen man en vrou lê nie in die eerste plek in die onderskeie terreine waarop gewerk moet word nie. Daar bestaan heel fundamenteel 'n eenheid tussen man en vrou. En tog is daar ewe fundamenteel wel 'n onderskeid tussen die rol van man en vrou. In die skeppingsverhaal word vir Eva 'n heel belangrike tipering gegee – sy is “hulp”. Hulp wat by Adam pas. In die werk wat saam gedoen word, is haar verhouding tot Adam dié van helpster. Dit is geen tipering van ná die sondeval nie. Soos wat die vrou “helpster” is, is die man “hoof”. Hierdie fundamentele verhouding vind sy toepassing ook in wat ons in die gemeente ken as die ampte van diaken en ouderling.

Vroue word nie uitgesluit van diakonale werk nie, net soos sy nie uitgesluit word van die verkondiging van die evangelie nie. En tog is die taak van die man en vrou steeds onderskeie en kan nie met mekaar uitgeruil word nie. Gawes is nie aan bepaalde geslagte gebonde nie. Seuns en dogters profeteer. Broeders en susters dien. Nogtans beteken dit nie dat daar op die verskillende terreine geen onderskeid is nie. In al hierdie werk sal die man met sy gawes tot uitdrukking moet laat kom dat hy geroep is om “hoof” te wees en die vrou sal in die gemeente maniere soek om uitdrukking te gee aan haar rol as helper vir die man.

In dit alles sal ons as gemeentes erkenning moet gee aan die gawes van die Gees. Ons sal nie uit vrees vir misbruik van gawes deur susters in die gemeente, ondankbaarheid teenoor Christus moet toon nie. Tegelyk sal ons waaksaam moet wees wetende dat die gevolg van die sonde steeds is dat

die “helpster” sal begeer na die rol van die man. Ewe veel sal ons in die kultuur waarin ons leef, moet waak teen die man wat oor die vrou wil heers sonder om haar die ruimte te gee wat Christus vir ons saam wil gee om Hom te dien.

Die bouwerk teengewerk deur vyande

(Nehemia 4)

C van den Berg

Kort situasieskets

Nehemia het vanuit Susan in Jerusalem aangekom om hom toe te wy aan die herbou van die stadsmure. Hy het 'n bouplan aan die leiers van Israel voorgelê om saam met die groot werk te begin. Alle Israëliete word opgeroep om skouer aan die wiel te kom sit.

Die reaksie is bemoedigend. Vanuit alle stande word gehoor gegee. Manne en vroue steek hul hande uit die moue. Selfs die meisies. Die bou van Jerusalem kan slegs gestalte kry as elkeen saamwerk. Dit is hartverwarmend om almal so besig te sien. Dit is pynlik dat sommige afwesig is. Maar die bouwerk het begin. Die name van die bouers is deur God self in sy Boek opgeneem. Vir altyd.

Vyande van die bou (vers 1-3)

Dit moes 'n pragtige gesig gewees het om so die bouwerk van die nuwe Jerusalem te sien verrys. Dit dwing bewondering af, by elkeen wat dit sien. Ongelukkig geld dit nie vir almal nie. Daar is mense by wie 'n mens juis die teenoorgestelde sien. Geen bewondering nie, maar minagting. Dit is vreemd, maar tog is dit so. Hoofstuk 4 begin daarmee: “*toe Sanbállat hoor dat ons die muur bou, het hy kwaad geword en hom baie geërg*”.

Sanbállat word eerste genoem. Daar is baie mense wat hulle by hom voeg. In vers 2 word sy broers genoem, familieledes. Hy het selfs familiebande met die hoëpriester: sy dogter is getroud met 'n kleinseun van Eljasib (Neh. 13:28). Daar is selfs sprake van 'n hele leer. Sanbállat is die stadshouer van Samaria, die vroeëre hoofstad van die tienstammeryk in die jare voor ballingskap. Sanbállat kan dit nie verdra dat Jerusalem weer 'n volwaardige stad word met

The opposite of joy is not sorrow.
It is unbelief..

- L Weatherhead

mure en skanse nie. Hy laat dit ook duidelik blyk. Daar is nog so iemand: Tobia. Hy word in vers 3 genoem. Hy gaan langs Sanbállat staan en kies ook die posisie teen Jerusalem. Hoor net wat sê die twee: “Wat maak die magtelose Jode?”

So ’n opmerking maak seer. Dit is verkleinerend. Dit drup van sarkasme: magtelose Jode, swakkeling. En so gaan dit aan. Die een opmerking na die ander: “Sal hulle die klippe uit die grondhoop lewendig maak, al is dit deur brand verniel?”

Laslappiewerk. Dit sal nooit stand hou nie. Sê nou maar self: verbrande stene is nie sterk nie. Die krag is uit hulle uit. Dit is poreus, net soos kryt. Tobia vererger dit nog verder: “Wat hulle ook al bou – as ’n jakkals daarteen opspring, sal hy hulle klipmuur omgooi!”

U weet hoe dit werk: ’n jakkals hou van ’n hoendertjie en probeer om in die nag iewers in te kom om een te kom vang, net soos vroeër, toe daar nog nie ’n muur gestaan het nie. Maar of daar nou ’n muur is of nie, dit maak nie ’n verskil nie. Die muur sal ineens stort van ellende as die jakkals daarvoor probeer klouter.

Sake lyk eerlikwaar nie so wonderlik nie, hulle is ’n klein groepie en swak. Daar is dus ’n kern van waarheid in wat hulle sê. Tog maak dit seer, as jy so iets hoor. Soet woorde is olie op die wonde. Maar sulke spottende opmerkings maak nuwe wonde. Sulke woorde breek jou af en werk verlamvend. ’n Mens wil hulle in gelyke munt terugbetaal.

Spot beantwoord met gebed (4-5)

Wat maak jy met sulke lelike woorde? Dit is genoeg om jou te laat ontplof. Om op hulle af te vlieg en hul met gelyke munt terug te betaal deur hulle op hul gemene, voorbarige mond te slaan.

Nehemia reageer egter anders. Hy bid! ’n Mens lees dit voortdurend van hom. Dit is die houding wat by ’n kind van God pas. Lê die saak aan die Here voor. Soek jou krag by God. Soek hulp by Hom: “Hoor, onse God, dat ons ’n veragting geword het.” Die bede is baie mooi. Maar nou die volgende. Dit is ’n bietjie moeiliker: “en bring

hulle smaad op hulle hoof terug en gee hulle oor aan plundering in ’n land van gevangenskap. En dek hulle ongeregtheid nie toe nie, en laat hulle sonde nie uitgedelg word voor u aangesig nie; want hulle het U geterg teenoor die bouers.”

Sommige sê dit is minder mooi om dit te sê. Dit is ’n gebed vir vergelding en wraak. Die Here Jesus laat ons ’n ander taal hoor. Hy sê: “Vader, vergeef hulle dit, want hulle weet nie wat hulle doen nie”. En Stefanus sê dit ook: “Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie.” Nehemia sê: moenie hulle vergewe nie! Reken dit hulle wel toe. Op hierdie punt word beweer dat die Ou Testament uit voeling is met die Nuwe Testament.

Maar dit is nie waar nie. In die Nuwe Testament hoor jy ook so ’n gebed soos Nehemia s’n. Dink aan wat daar in Openbaring 6 staan, oor die siele onder die altaar in die hemel. Dit is hulle wat gesterf het vir die woord van God. Hulle roep: “Open. 6:10 “En hulle het met ’n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? “

Dus daarom die gebed van wraak! Trouens, ’n mens hoor Jesus self ook meer as een keer ’n vloek uitspreek. Teen die mense wat hom telkens weer afgewys het: wee u, sê hy teen die Fariseërs en Skrifgeleerdes. Wee u, sê Hy teen Kapernaüm, Betsaida en Gorasin. Die Nuwe Testament ken dit dus ook.

Motiewe by ’n gebed om wraak

Enkele punte oor die gebed vir wraak van Nehemia.

1. *Dit is ’n gebed.* Dus hy wreek homself nie, maar laat dit aan God oor.
2. *Nehemia bou nie sy eie stad nie.* Hy is nie besig met sy eie saak nie, maar met dié van God. Dit gaan oor die eer van die naam van God!
3. *Wie kan berus by die bose?* Om jou skouers op te trek ook sulke lelike woorde, is nie goed nie. So hanteer ’n mens nie kwaad nie.
4. *Waarnatoe kan jy met onreg gaan, anders as na God toe?*

Dit gaan oor verset van vyande teen die bou van die stad van God! Is daar ruimte vir die saak van God?

Al wat jy nodig het om ’n ketter te wees,
is ’n bietjie intelligensie en ’n bietjie hoogmoed

- Onbekend

Vir die lewe met God? Is daar toekoms daarvoor of moet dit doodbloei? Wat is ons houding teenoor kwaadwillige verset van vyande? Wat doen dit aan u? Raak dit u? Het u dit miskien aanvaar: dit is nou maar so? Laasgenoemde is nooit goed nie. Sonde mag nie onbeantwoord bly nie! Dan gee jy die bouse vrye teuels.

Wat kan u daaraan doen? Net soos Nehemia, begin om te bid. Wat u self nie kan doen nie, kan God wel doen. Hy het 'n antwoord op die sonde, Hy kan alles regmaak.

In hoeverre vra ons nog aan God om 'n einde te maak aan al die onreg? God se eie Naam is tog op die spel? Dit gebeur in Sy wêreld! Miskien voel ons die kwaad nie meer so sterk aan nie. 'n Mens raak gewoon aan alles, met tyd ervaar jy die kwaad nie meer as iets ernstigs nie. Oppas vir eelte op ons siele! En ons moet bly leer van wraakliedere soos Psalm 9:19, 20: *“Staan op, HERE, laat die mens nie sterk word nie; laat die heidene voor u aangesig geoordeel word! O Here, jaag hulle skrik aan; laat die heidene weet, hulle is mense!”* Daar is nog meer sulke wraakpsalms. Psalm 5:11, 35:4-8, 58:7-12, 58:7-12, 69:23-29, 79:6, 12 en ander.

Bid en werk (vers 6)

Die eerste reaksie op die spottery is: bid. En dit bly nie net by bid nie. Dit word bid en werk. Vers 6: *“Maar ons het die muur opgebou, en die hele muur is tot op sy helfte herstel; en die volk was met hulle hart in die werk”*

Wonderlik! Wie kan sy werk met plesier doen as daar sulke lelike dinge gesê word? Tog gaan die bouers van Jerusalem met lus verder. Waar kom dit vandaan?

U weet: nie alle werk is dieselfde nie. En dit is sulke mooi werk. Dit is die bou aan die stad van God. Daar is maar net één van hulle: Jerusalem. Die God van die stad: Hý gee vir jou die vreugde daarvoor. Hy is die bron van vreugde. Vreugde ervaar in die bouery van Jerusalem. Lus wees vir die bou van die kerk, omdat dit by uitstek die beste is, omdat dit die kerk van God is en sal bly. 'n Vrug van die Gees is: blyskap om te mag dien (Gal. 5:22).

Die bouwerk word bestry (vers 7-11)

Daar klink nie slegs lelike opmerkings nie, daar dreig ook gevaar! Eerstens groei die aantal vyande. Behalwe vir die Samaritane (genoem in 4:2) en Gesem (2:19) staan in vers 7: *Sanbállat, Tobía, die Arabiere, die Ammoniete en die Asdodiete.*

Kyk maar op 'n kaart: Die Samaritane woon in die Noorde. Die Ammoniete in die Ooste, oorkant die Jordaan. In die Suide die Arabiere. Die Asdodiete in die Weste, by die see. Asdod is een van die stede van die Filistyne. Aan alle kante word hulle omsingel en bedreig. Die vyande smee 'n sameswering. Hulle gaan weer een stap verder.

- In die begin sê hulle: julle is rebelle, julle kom teen die koning in opstand (2:19). Dit was nie waar nie! Nehemia het die regte dokumente gehad. Van niemand minder as die koning self nie. Tog word hulle uitgemaak as rebelle.
- Vervolgens word hulle uitgeskel en belaglik gemaak (4:1-3).
- Nou word sake ernstig. Die vyande maak saam 'n lelike plan: stuur soldate tussen die bouers in, oorrumpel hulle en bring hul in verwarring.

In vers 11 staan geskryf van hulle taktiek: *Hulle mag niks weet en sien nie totdat ons tussen hulle inkom en hulle doodslaan en 'n einde maak aan die werk.* Hulle wil ongesiens tot naby jou kom en jou dan doodmaak. Jy proe die haat waarby niemand ontsien word nie.

Bou met die offer van jou lewe (vs 10-20)

Die bouwerk word nou baie moeilik. Daar moet geveg word met die offer van jou eie lewe. Daar kan bloed begin vloei. Daar kan slagoffers val. Dat haat só diep gewortel kan wees. So diep dat mense nie sal huiwer om te moor nie. So fel is hulle teen die werk van God. Dit is duiwels: ammunisie van satan. En dit word nog moeiliker. Daar dreig nie net gevaar van buite af nie, maar ook van binne. Vers 10: *Maar Juda het gesê: Die krag van die lasdraers beswyk, en die puinhoop is groot, sodat ons nie aan die muur kan bou nie.*

Juda sê dit! Dit klink vanuit hul eie geledere. Hul eie mense raak moedeloos en sê: ons gaan dit nooit

Missions is not the ultimate goal of the church.
Worship is. Missions exists because worship doesn't.

- AJ Piper

maak nie, dit gaan nie werk nie. Dit is baie moeilik, probleme van buite en van binne. Dit gaan gereeld so. Jy het mekaar dubbel en dwars nodig by teenstand. En dan sien jy iemand langs jou wat die handdoek ingooi. Dan word jy so kwesbaar.

Maar jy lees ook iets moois. In vers 12: Jode wat by die vyande woon, bied hulp aan. Hulle help met hart en siel. Hulle kom seker tien keer om te waarsku. 'n Baie dapper ding om te doen. Hulle lewe onder die oog van die vyand, en help dan nogsteeds! Tog doen hulle dit en waag hul lewe.

Wat is Nehemia se antwoord op dit alles? Weer die gebed (vers 9). Vervolgens word ook maatreëls getref. Bedags en snags word 'n wag uitgeplaas. Die bouers word bewapen. Die bou word nie makliker daarvan nie. Dit vorder stadiger. Die een helfte moet gereed staan vir die verdediging terwyl die ander verder werk. Dan ook nog werk met 'n swaard in die gordel gereed om gegryp te kan word. Snags ook. In die nagte moet ook wag gestaan word. En 'n alarminstallasie, die basuin (soos ons sirene). Elke dag op jou hoede wees.

Die bou aan God se stad vra baie offers. Nehemia en baie ander slaap nie meer rustig nie. Hul gaan bed toe terwyl hulle nog hul klere aan het. Dit staan in die laaste vers: ons het ... *nooit ons klere uitgetrek nie*. As hulle dan gaan lê, dan is hul wapen nog binne bereik van hul hand. Die wat buite Jerusalem woon, moet snags binne in die stad bly. Dit is glad nie maklik nie. Dit is ten koste van die rus in jou huweliks- en gesinslewe. 'n Paar maande lank!

Gemeenteopbou vra offers

Gemeenteopbou vandag vra in sommige omstandighede ook heelwat. Ons samelewing word nie makliker nie. O ja, jy mag God dien en jou eie mening hê; maar soms ervaar jy dinge wat duidelik wys dat die verdraagsaamheid minder word. Alles mag oor Christus en sy Christene in die openbaar gesê word, hoe krenkend dit ook al is. Maar sodra jy slegte dinge in die samelewing by die naam noem, moet jy jou mond hou en word jy teruggedruk in jou hoek. Jy hoef nie hierdie konfrontasie te soek nie. Al soek jy dit nie, die konfrontasie kom self saam, sodra jy laat hoor dat

God reg het op hierdie samelewing en wil hê dat daar geluister moet word na wat Hy sê. Dan proe jy al gou verset. Die boodskap van God bring teenstand. Paulus praat van 'n aanstoot, 'n ergernis: dit is die evangelie van Christus! Gemeenteopbou, ook onder teenstand! Met woord en daad. Beginnende met liefde. Wat is jy bereid om daarvoor op te offer? Is jy lus om te werk, om vas te byt en aan te hou? Ook al word jy teëgewerk en is jy nie sterk nie... Waar jy dié werkklus sien, kom dit van God af en van niemand anders nie. Hoe kwesbaar jy ook al is en hoe gevaarlik dit ook al is, met God aan jou sy staan jy sterk (Rom. 8:31).

Bang mense word bemoedig (vs 14 en 20)

Let daarop dat Nehemia sy mense moed inpraat. Vers 14: *Julle moet nie bang wees vir hulle nie; dink aan die grote en gedugte Here, en veg vir julle broers, julle seuns en julle dogters, julle vroue en julle huise*. Jy hoor dit nog 'n keer aan die einde van vers 20: *Onse God sal vir ons stry*.

As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy is die grote en gedugte God. Wie ken nie die God van die Rooi See nie? Daar is 'n hele leer in een keer weggespoel. Ons ken Hom van Golgota en Paasfees. Daar is die owerhede en magte ontwapen. So praat Paulus daarvoor in Kolossense 2:15. Die duiwel oorwin. Die dood oorwin. Wie kan teen sulke vyande opstaan?

Ek dink aan die Heer van dood en lewe voor wie Johannes op Patmos asof dood neergeval het (Open. 1:17v.) Een Here, so groot en gedug. In Hom moet ons groot vertrouwe hê. Niemand moet hom uit die veld laat slaan nie. Bly saamwerk. Elkeen op sy plek. As bouers en soldate tegelykertyd. Bou terwyl jy die stryd van die geloof stry. Bid en waak. Desnoods in skofte. Desnoods 'n stuk nagrus opoffer.

Is u lus vir gemeenteopbou? Wie wil die Here dien en aan Sy mooi stad bou? Hyself staan borg daarvoor. Ons God sal self vir ons stry.

As a bird with a broken wing is "free" to fly but not able, so the natural man is free to come to God, but not able

- L Boettner